


# HAND IN HAND HANDEWERK

## WELKOM

Gebruik jou dobbelsteen om hierdie nommer-speletjie te speel

- 6 - Spring soos 'n padda
- 5 - Staan op jou hande
- 4 - Gee die persoon regs van jou 4 komplimente
- 3 - Dink aan 3 dinge wat jy die week geleer het
- 2 - Noem 2 dinge waarmee jy die week in die huis kan help
- 1 - Bid saam



## NO HAND HANDSHAKE

1. Staan 1 meter uitmekaar
2. Strek jou hand uit.
3. Raak aan jou oor.
4. Draai jou hande om mekaar.
5. Maak vuiste en slaan dit op mekaar. Dink aan 'n hamer wat op 'n spyker slaan!



## WONDER

Lees Psalm 8  
Kyk dan saam na [hierdie](#) video.

## ONTHOU-VERS

Psalm 8:7

"U laat hom regeer oor alles wat U gemaak het. U het gesê hy is die hoof oor alles"

## GESELS SAAM

- Watter ander name vir God sien julle raak?
- Vertel vir mekaar wat dink jy is 'n Koning se werk?
- Wat sou jy gedoen het as jy 'n koning was van 'n land?
- Vertel vir mekaar van iets wat jy gemaak het met jou eie twee hande. Hoe het jy gevoel toe die eindproduk klaar was?

## WEES

Stap in die huis en kyk of jy iets kan sien wat iemand in die huis self gemaak het (wat hulle eie handewerk is)?

Vra vir hulle hoe het dit vir hulle gevoel om iets met hul eie twee hande te maak.

Dink saam oor wat julle in die huis kan maak en/of versorg met julle eie twee hande.

## WEGSTUUR

Neem 2 verskillende kleure papiere en knip dit in lang strook (die lengte van die papier). Skryf een woord of sin waarvoor julle wil bid op 'n strook. Maak 'n paar sulke gebedsstrook. Plak die eerste strook toe dat dit 'n sirkel vorm. Ryg die volgende strook deur die eerste een en plak toe. Herhaal totdat dit 'n gebeds-ketting vorm.

Gebed: Here, help ons onthou dat ons handewerk ons aan mekaar verbind. Dankie Here dat ons aan U verbind is deur U handewerk. Amen.